KENNISGEWING 52 VAN 2019

RESTANT VAN GEDEELTE 5 VAN DIE PLAAS HARTEBEESTFONTEIN No.422-IP
STAD VAN MATLOSANA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
WYSIGINGSKEMA 1207 (HERSONERING), EN BYLAAG 1179

Ek Joze Maleta, synde die gemagtigde agent van die eienaars van die Restant van Gedeelte 5 van die Plaas Hartebeestfontein No.422-IP, Noord-Wes Provinsie, gee hiermee ingevolge Artikel 41(1)(a),(2)(b)(d) van die wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (wet 16 van 2013), saamgelees met Artikels 62(1), 67, 94(1)(a)(b), 95(1) en 96 van die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipalitiet se Ruimtelike Beplannings en Grond gebruikbestuurverordening, 2016 (SPLUMA By-wette), asook Artikel 6(1) van die Verdeling van Grondordonnansie, (Transvaal), 1986 (Ordonansie 20 van 1986), kennis dat ek by die Matlosana Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die Onderverdeling en hersonering van die betrokke eiendom. **(A)** Die voorneme is om die Restant van Gedeelte 5 te onderverdeel; **(B)** Die voorneme is om die Gedeelte A (Groot ongeveer 536,3527Ha) te hersonering, vanaf “Landbou” na “Spesiaal” vir die doeleindes van ‘n Sonkrag opwekkings aanleg met ‘n Kantoor, beheerkamer, werkswinkel vir onderhoud, stoorkamer en hekhuisie en verwante bedrywighede, met die toestemming van die Plaaslike Owerheid, soos omskryf in die Wysigingskema 1207 en Bylaag 1179; **(C)** die volgende aangrensende eiendomme: Gedeeltes 4, 57 en 38 van die Plaas Hartebeestfontein No.422-IP, en Gedeeltes 6 en 10 van die Plaas Buffelsfontein No.443-IP, asook eiendomme in die onmiddelike omgewing van die Eiendom kan moontlik hierdeur geraak word.
Enige besware of kommentaar, met gronde daarvoor asook kontakbesonderhede, moet skriftelik ingedien word gedurende normale kantoorure binne ‘n tydperk van 30 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing na die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipaliteit: Kantoor van die Munisipale Bestuurder, Bram Fischerstraat, Burgersentrum, Rekords afdeling, Keldervloer, Klerksdorp, 2570 of Posbus 99, Klerksdorp, 2570. Sluitingsdatum vir enige besware: 22 Mei 2019.
Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan tydens kantoorure bogenoemde addres besoek waartydens die beamptes van die stadsbeplanningsafdeling daardie persoon behulpsaam sal wees ten einde hul besware of kommentare te transkribeer. Besonderhede van die Aansoek en planne (indien enige) is beskikbaar vir inspeksie en insae gedurende gewone kantoorure by die bovermelde kantore, vir n tydperk van 30 dae van die datum van publikasie van die kennisgewing op die 23 en 30 April 2019. Sluitingsdatum vir enige besware: 22 Mei 2019.

ADRES VAN AGENT: JOZE MALETA, POSBUS 1372, LEASKSTRAAT 95, KLERKSDORP, 2570, KONTAKNOMMER: 018 462 1991, info@jmland.co.za

23–30